higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

22 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C✓
1.2 B✓
1.3 D✓
1.4 A✓
1.5 A✓
1.6 B✓
1.7 D✓
1.8 B✓
1.9 B✓
1.10 C✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar✓
2.2 Waar ✓
2.3 Waar✓
2.4 Onwaar ✓
2.5 Onwaar ✓
2.6 Onwaar ✓
2.7 Waar ✓
2.8 Onwaar ✓
2.9 Onwaar ✓
2.10 Waar ✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 D
3.2 F
3.3 E
3.4 A
3.5 C

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 speurder
4.2 misdaad
4.3 werkuitdeler
4.4 Misdaadondersoeker/misdaadondersoekbeampte
4.5 gemeenskap

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Enige toepaslike verduideliking kan aanvaar word.

Tipe navorsing	Kwantitatiewe navorsing	Kwalitatiewe navorsing
Wat is dit?	5.1 Data-insameling deur 'n beperkte aantal vrae✓ aan 'n groot aantal mense te vra ✓ (2)	5.2 Minder respondente,✓ maar meer diepgaande data-insameling✓ (2)
Voorbeeld:	5.3 Vraelys ✓ (1)	5.4 Onderhoude (1)
Nuttig vir:	5.5 Hoeveel misdade is oor 'n gespesifiseerde tydperk gepleeg,✓ hoeveel mense was slagoffers,✓ hoeveel oortreders is vervolg?✓(3)	5.6 Om meer gedetailleerde inligting te bekom (1)

[10]

VRAAG 6

6.1 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Die onderstaande is 'n voorbeeld van 'n antwoord, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees. Enige AGT (8) van die volgende feite vir een punt elk.**

Die resultate van die navorsing kan as 'n verslag of as 'n mondelinge aanbieding voorgelê word, maar dit hang af van die vereistes van die bevelvoerder of die groep mense aan wie dit voorgelê moet word.

Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word wanneer 'n polisiebeampte 'n aanbieding oor 'n misdaadvoorkomingsprobleem doen:

Hy/sy moet die gehoor in ag neem deur die geskikte styl en taal, ensovoorts, te kies. Wanneer die gehoor aangespreek word, moet hy/sy oogkontak maak en seker maak dat hy/sy nie tot/oor hulle praat nie maar eerder met hulle, en hulle voor en ná die aanbieding bedank. Hy/sy moet 'n geskikte inleiding tot die misdaadvoorkomingsprobleem hê en deur die hele aanbieding praat en die feite aflees, en ná sinne effens pouseer om die punt oor te dra. Hy/sy moet 'n kort agtergrond skets oor die aard en doel van die navorsing en 'n geskikte styl volg deur te verseker dat die materiaal opeenvolgend en logies is en duidelike inligting aan die luisteraars oordra. Hy/sy moet die navorsingsbenadering uiteensit wat gevolg is asook hoe die inligting ingesamel en geverifieer is. Hy/sy moet die feite verskaf, soos ingesamel, om die probleem en selfs moontlike oplossings aan die luisteraars oor te dra. Hy/sy moet met 'n gevolgtrekking afsluit deur die oorspronklike stelling of feite te bevestig om aan te dui dat die stelling korrek was, sodat die luisteraars die nodige besluite kan neem. (8)

6.2 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Die kandidate moet elke benadering aandui (een punt elk) en ’n kort beskrywing gee van wat elkeen behels (een punt elk).**

- Primêre misdaadvoorkoming:✓ Verwyder die geleentheid om ’n misdaad te pleeg. Sodoende word verhoed dat die misdaad plaasvind.✓
- Sekondêre misdaadvoorkoming:✓ Hanteer die simptome van die misdaad en gryp in voordat die misdaad gepleeg word.✓
- Tersiêre misdaadvoorkoming:✓ Vind plaas in die strafregsplegingsproses.✓ (6)

6.3 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Dit is ’n voorbeeld van ’n antwoord, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees. Die tipe hulpbronne moet genoem word voordat punte vir voorbeelde toegeken kan word.**

Verskillende polisiëringsagentskappe kan die volgende vier tipes hulpbronne gebruik. Daar kan ander toepaslike hulpbronne wees wat nie hier genoem word nie, maar algemene hulpbronne kan soos volg onderskei word:

- Mensehulpbronne:✓ aantal mense en hul vaardighede (kennis, vaardighede en gesindhede) ✓
- Finansiële hulpbronne:✓ geld in die begroting wat elke agentskap beskikbaar het om misdaad te bestry✓
- Hulpbronne wat afhang van die voorsieningskettingbestuur-proses:✓ behels fisiese hulpbronne soos voertuie/geboue/wapens. Elke agentskap sal dit gebruik wat hulle beskikbaar het.✓
- Inligtingstegnologie-hulpbronne:✓ sluit in inligting oor oortreders en misdaad op rekenaars en stelsels✓ (8)

6.4 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: EEN (1) punt vir enige VIER (4) van die volgende. Antwoorde kan verskil, solank die essensie van die beskrywing dieselfde is.**

Kliniese ondersoeke handel oor die ondersoek van die slagoffer se liggaam terwyl hy/sy nog lewe.✓ In sake van verkragting, sodomie, bloedskande en bestialiteit✓ word sodanige ondersoek volgens wet vereis.✓ Waarneming en noukeurige beskrywing van beserings of wonde.✓ Tekens wat penetrasie en geslagsgemeenskap bevestig.✓ Neem bloedmonsters en vaginale smere vir serologiese ondersoek.✓ (4)

6.5 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Die volgende VIER (4) vir EEN (1) punt elk.**

- Gemeenskapsverteenwoordigers
- SAPD-verteenwoordigers
- Verteenwoordigers van Metropolitaanse Polisieagentskappe (‘MPA’).
- Verkeerspolisieagentskappe (VPA) (‘TPA’) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B 40

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: EEN (1) punt vir elke aspek van die Grondwet en ’n verduideliking van die polisiekantoor se vermoë, of hul funksies wat met die mandaat verband hou, tot ’n maksimum van TIEN (10) punte. Die onderstaande is ’n voorbeeld van die antwoord, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees.**

- Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se mandaat, ingevolge artikel 205(3) van die Grondwet, 1996, is om ’n veilige en geborge (beskermende) omgewing te skep vir al die mense van Suid-Afrika om in te woon.✓ Hierdie polisiekantoor misluk in alle opsigte in hul plig aangesien hulle dit vir mense moeilik maak om misdaad aan te meld, en hulle is onhulpvaardig en onvriendelik.✓
  Die SAPD moet die doelwitte van die Grondwet nakom om:
- Misdaad te voorkom en te bestry.✓ (Misdaad kan slegs voorkom word as hulle nou met die gemeenskap saamwerk. Weens swak dienslewering en swak verhoudings het die gemeenskap nie toegang tot die polisiekantoor nie en derhalwe is die SAPD onsuksesvol in hierdie verband.)✓
- Ondersoek misdaad.✓ (Volgens die verslag ondersoek die polisiekantoor nie misdaad behoorlik nie. Soms word dit glad nie ondersoek nie. Hulle voldoen dus nie aan die opdrag in die Grondwet nie. Dit is meestal te wyte aan die feit dat hulle ’n personeeltekort het. Hulle kommunikeer ook nie behoorlik met die betrokkenes oor die misdade om hulle ingelig te hou nie.)✓
- Handhaaf openbare orde.✓
- Beskerm en beveilig die inwoners van die Republiek en hul eiendom.✓ (In die artikel versuim die polisie om die telefone te beantwoord, wat beteken dat die SAPD nie sal weet as iemand se lewe in gevaar is nie. Hulle sal dus nie in staat wees om te reageer op ’n persoon of die gemeenskap wat beskerming benodig nie.)✓
- Handhaaf die reg en pas dit toe.✓ (Aangesien die polisie versuim om telefone te beantwoord, kan mense nie misdaad aanmeld nie. Wanneer hulle meer tyd aan klerklike funksies bestee, kan hulld nie die reg handhaaf en afdwing soos van hulle verwag word nie.)✓ (10)

7.2 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Enige SES (6) van die volgende vir EEN (1) punt elk.**

Die toesighouer oor misdaadspeurders is daarvoor verantwoordelik om leiding aan die ondersoekbeamptes te gee✓ om te verseker dat hulle ’n kultuur van misdaadinligtingbestuur onder al die speurders kweek en speurders die waarde van alle ondersoektegnieke leer. Dit behels die bekendstelling van misdaadrisiko-ontleding,✓ misdaadrisikoprofiele,✓ misdaadtendense, die geografiese verspreiding van misdaad in hul polisiekantoorgebied✓ en die samestelling van verslae.✓ Sekere inligting word benodig voordat hierdie verslae saamgestel kan word.✓ Die toesighouers moet aan die ondersoekbeamptes leiding gee oor die gebruik van die modus operandi-stelsel wat inligting kategoriseer, wat in verslae gebruik kan word.✓

Mense kan geïdentifiseer word deur middel van persoonlike identifikasie en persoonlike beskrywing, en hierdie inligting kan weerspieël word in verslae om te verseker dat misdade beter ondersoek word.✓ Informante word geregistreer en kan gebruik word om inligting in te samel en verslag te doen oor die inligting wat hulle voorsien.✓
Inligting wat vir hierdie verslae benodig word, kan verkry word deur getuies en verdagtes te ondervra, omdat hulle waardevolle inligting kan verskaf oor modus operandi, ander verdagtes, ens.✓ Nog ’n manier om inligting in te samel of selfs verdagtes te arresteer, is lokvalstelling deur lokaas te gebruik, wat jou in staat stel om iemand in hegtenis te neem wat nie ’n geleentheid gehad het om die misdaad te pleeg nie, hoewel hy/sy dit wou pleeg.✓ Deur middel van lokvalstelling word die persoon gevang en daarna kan hulle inligting voorsien, soos met ander verdagtes, om inligting te bekom, selfs as informant.✓ Indien ’n ondersoek behoorlik uitgevoer word, kan ’n informatiewe verslag saamgestel word wat die speurders van noodsaaklike inligting voorsien en leiding oor toekomstige misdade of soortgelyke misdade gee.✓ Selfs wanneer fisiese getuienis ondersoek word, soos vingerafdrukke, DNS, merke wat op die toneel gelaat is, tipe wond aan die slagoffer, word baie inligting oor soortgelyke misdade en tendense voorsien.✓ Al hierdie verslae, bewysstukke, getuies, en inligting oor die misdaadtoneel kan gebruik word om misdaadtendense te bepaal en profilering van tonele en verdagtes uit te voer.✓ (Enige 6 × 1) (6)

7.3 **Aantekening aan die Nasiener: Enige VIER (4) van hierdie eienskappe. Die onderstaande is ’n voorbeeld van die antwoord, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees.**
Hierdie ondersoekbeamptes doen swak ondersoekwerk en in sommige gevalle ondersoek hulle glad nie soos hulle moet nie. Hulle kan baie meer professioneel wees. Hoewel hulle ’n personeeltekort ervaar, kan hulle slimmer werk deur gebruikmaking van stelsels en hulpbronne tot hul beskikking en veral deur gebruikmaking van **hul intellektuele en emosionele intelligensie**.✓ Indien hierdie lede enige **morele waardes of etiese karakter** het, moet hulle alle sake so ver moontlik✓ ondersoek. Hierdie lede moet in staat wees om sowel **onafhanklik as in spanverband** te werk om te verseker dat alle sake behoorlik ondersoek word.✓ Hulle moet kan **improviseer en by uitdagende situasies aanpas**.✓ Hierdie polisiebeamptes moet daarop fokus om hul kommunikasievaardighede te verbeter om te verseker dat hulle **effektief met ander mense in interaksie kan tree** en behoorlike ondersoekende onderhoude kan voer.✓ Hulle moet hul **analitiese en kritiese denkvaardighede** ontwikkel om hulle met misdaadondersoek te help. Hulle moet verseker dat hulle **georganiseerd is en ’n sistematiese benadering** tot die volle ondersoek volg.✓ Verskillende misdade kan deur middel van tegnologie ondersoek word. Dit is dus belangrik dat hierdie lede **op die hoogte van enige tegnologie bly**.✓ Dinge is dikwels moeilik en speurders kan tou opgooi omdat hulle nie die raaisel kan oplos nie, maar hulle sal slaag deur **volharding en doelwitstelling**.✓ (Enige 4 × 1) (4)

7.4 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Die onderstaande is ’n voorbeeld van die antwoord, solank die gedeeltes in vetdruk weerspieël word en aan die scenario gekoppel word. Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees:**
Die hindernis van hoë-lae-balke in die vaardigheids-en-vrees-fiksheidstoets **evalueer en ontwikkel die vermoë om hindernisse te oorkom,**✓ wat in landelike gebiede noodsaaklik is, omdat ontoeganklikheid daartoe kan lei dat voetpatrollies gebruik moet word. Hulle behoort in staat te wees om die gebied te patrolleer en moenie struikelblokke as ’n verskoning gebruik nie.✓

Hierdie struikelblok toets ’n polisiebeampte se **krag** om oor hindernisse te spring en te beweeg,✓ **beweeglikheid** om tussen hindernisse te beweeg,✓ en **buigsaamheid** om te buig en draai om hindernisse te oorkom✓ in die agtervolging van verdagtes; die beampte sal dieselfde vermoëns tydens patrollies in ’n landelike gebied gebruik.✓ Die polisiebeampte moet in staat wees om vinnig oor en onder verskillende hindernisse te beweeg. Indien hierdie lede oor klippe/rotse, kabels/drade en selfs in bome kan klim, het hulle geen verskoning om gebiede te patrolleer wat moeilike terrein beslaan nie.✓ Die gemeenskapslede in daardie gebiede sal ook veilig kan voel en gemeenskapsvertroue kan geskep word. (5)

7.5 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Die onderstaande is ’n voorbeeld van die antwoord, solank hulle die aspekte in vetdruk noem en die konteks van die scenario aan die antwoord koppel. Enige VYF (5) van die volgende vir een punt elk:**
Dit is duidelik dat die lede by die Khayelitsha Polisiekantoor **swak gedissiplineerd** is;✓ hulle is **ongemanierd teenoor gemeenskapslede;**✓ hulle **weier om dossiere te open**, ens.✓ Driloefeninge is uiters belangrik om dissipline in die polisiëringsomgewing te herstel.✓ Dit **reël hoe polisiebeamptes werk**✓ en het ’n uitwerking op **goeie persoonlike en interpersoonlike dissipline**.✓ Dit beteken dat hierdie lede sal begin om werksplekreëls te gehoorsaam;✓ hulle sal **die ideale van die omgewing ondersteun**,✓ en hulle sal **op die uitkyk wees vir en beter maniere voorstel** om doeltreffende dienslewering te bereik.✓ (5)
[30]

OF

VRAAG 8

8.1 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Ken EEN punt toe vir die beskrywing van die stap en EEN punt vir die manier waarop die Khayelitsha SAPD waarskynlik die toneel sal hanteer. Ken ’n maksimum van TIEN (10) punte vir die antwoord toe. Die onderstaande is ’n voorbeeld van die antwoord, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees.**

- Fase 1: Die voorval/insident: Sodra ’n misdaad gepleeg word, moet die gemeenskapslede wat teenwoordig is weet hoe om die toneel te hanteer en te beveilig.✓ In Khayelitsha het die gemeenskap en die SAPD nie ’n goeie verhouding nie. Dit beteken dat die gemeenskap nie sal weet hoe om dit te hanteer nie en die misdaad sal waarskynlik nie eens aangemeld word nie, of die misdaadtoneel sal versteur word.✓

- Fase 2: Rapporteer/meld aan: Die voorval moet telefonies of in lewende lywe aangemeld word.✓ By hierdie polisiekantoor werk nie een van dié metodes nie: die polisie beantwoord nie telefone nie, die polisiekantoor is nie toeganklik nie en SAPD-lede is onvriendelik en onhulpvaardig.✓
- Fase 3: Aktiveer: Sodra die misdaad aangemeld word, stuur die werkuitdeler/afsender/skeduleerder die rolspelers na die misdaadtoneel, soos vereis.✓ Hier is dit onduidelik of die lede selfs die gemeenskapslede sal toelaat om die misdaad aan te meld, of hulle sal help, omdat hulle struikelblokke skep om dit moeilik te maak om misdade aan te meld, aangesien dit hulle beeld bevorder as die misdaadsyfer laag is.✓
- Fase 4: Reageer: Wanneer die misdaad aangemeld word en die werkuitdeler ’n eerste respondent uitstuur, moet die lede op hul eie veiligheid ag slaan, die misdaadtoneel beveilig en bewysmateriaal bewaar, terwyl hulle na getuienis en moontlike verdagtes soek.✓ Niks word vermeld oor hoe die SAPD-lede die misdaadtoneel sal hanteer indien hulle sou opdaag nie, maar deur bloot te kyk na die lae misdaadsyfer, onhulpvaardigheid, asook misdade wat swak ondersoek of glad nie ondersoek word nie, is dit duidelik dat die beveiliging van die misdaadtoneel waarskynlik nie eens sal plaasvind nie.✓
- Fase 5: Beheer: die eerste respondent wat by die misdaadtoneel opdaag, moet beheer oor die toneel neem, die toneel by die gemeenskap oorneem, omsien na beseerdes, ’n bevelsentrum identifiseer en vestig, en diens doen totdat ’n bevelvoerder vir die bevelsentrum aangewys word en al die hulpbronne wat vir die misdaadtoneel vereis word, toegewys en gekoördineer is.✓ Weer eens, as gevolg van die swak gesindheid wat deur die SAPD-lede by hierdie kantoor openbaar word, sal die meeste van hierdie handelinge waarskynlik nie plaasvind nie. ✓
- Fase 6: Beveilig en beskerm die misdaadtoneel. Die eerste respondent moet die misdaadtoneel afkordon, die bewysmateriaal beskerm, ’n toegangsroete skep en toegangsbeheer toepas. Sodra die misdaadtoneelbestuurder (speurder) opdaag, oorhandig die eerste respondent die misdaadtoneel aan hom/haar.✓ In die scenario is daar geen aanduiding van die manier waaop misdaadtonele gehanteer word nie, maar weens die werkslas van die speurders bestaan die moontlikheid dat hulle geen misdaadtonele besoek nie. Die eerste respondent sal waarskynlik die hele misdaadtoneel hanteer en die bewysmateriaal eers later vir ondersoek aan die ondersoekbeampte voorsien.✓
- Fase 7: Inspekteer (Eerste deurloop) Die eerste respondent moet ’n eerste keer saam met die misdaadtoneelbestuurder (speurder) deur die toneel loop om te besluit oor kernaspekte sodat die res van die span ingelig kan wees en om die misdaadtoneelbestuurder in staat te stel om optrede te prioritiseer wat op die toneel gaan plaasvind.✓ Die polisiekantoorspeurder se samewerking en werkslas sal hier ’n uitwerking hê en die eerste respondent sal waarskynlik hierdie funksie uitvoer. Hy/sy sal bygestaan word deur lede van die misdaadrekordsentrum en dit kan die ondersoekproses en sukses in die hof belemmer.✓

Kopiereg voorbehou

- Fase 8: Beplan: Die ondersoekbeampte sal begin beplan deur inligting te gebruik wat in die eerste deurloop bekom is om hul strategie vir die ondersoek en insameling van inligting te bepaal.✓ Soos in die vorige stap genoem, sal die eerste respondent waarskynlik die Misdaadrekordsentrum se lede bystaan om te beplan en strategie uit te werk omdat die speurders oorlaai is en waarskynlik nie die misdaadtoneel sal besoek nie.✓
- Stap 9: Ondersoek: Die misdaadtoneelbestuurder (speurder) moet die ondersoek op die misdaadtoneel bestuur.✓ Die eerste respondent sal waarskynlik hierdie funksie verrig weens 'n personeeltekort. Soos uit die artikel blyk, word misdaad dalk glad nie ondersoek nie.✓
- Stap 10: Verwerk die fisiese getuienis: Die misdaadtoneelbestuurder aanvaar verantwoordelikheid om die getuienis/bewysmateriaal wat op die misdaadtoneel ingesamel is, te verwerk.✓ Dieselfde soos hier bo: omdat die speurders se werkslas te groot is en die meeste sake nie behoorlik ondersoek word nie, sal die misdaadtoneel gehanteer word deur die eerste respondent en die res van die span wat ontbied is om op die toneel bystand te verleen. Dit kan daartoe lei dat sommige bewysmateriaal verlore raak.✓

(10)

8.2 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Die onderstaande is 'n voorbeeld van 'n antwoord, maar ander antwoorde kan ook toepaslik wees. Enige AGT (8) van die volgende vir EEN punt elk.**

Die polisielede van Khayelitsha Polisiekantoor is skuldig aan **nienakoming-aktiwiteite**:✓ aktiwiteite van polisie wat nie mense se regte respekteer, beskerm, bevorder en nakom nie,✓ omdat hulle nie die telefone beantwoord waar hulle iemand in nood kon help nie of nie op klagte reageer nie.✓ Hierdie lede belemmer ook die verslagdoeningsproses wat daartoe lei dat misdaad nie aangemeld word nie,✓ deur óf te weier om klagte van gemeenskapslede✓ aan te hoor óf opsetlik struikelblokke te skep sodat lede nie klagte kan indien nie.✓ Polisielede bestee meer tyd aan klerklike funksies as om na die gemeenskap se behoeftes om te sien.✓

Nakomingsaktiwiteite is polisieaktiwiteite wat op so 'n wyse uitgevoer word dat dit menseregte respekteer, beskerm, bevorder en nakom.✓
Die polisielede by Khayelitsha vervul weinig funksies om die gemeenskap te beskerm, te beveilig en te dien. Hulle moet almal weer oor hul funksies nadink en stelsels in werking stel om te verseker dat hul aktiwiteite wel die gemeenskap beskerm en dat hulle 'n diens lewer.✓ (8)

8.3 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Enige VYF (5) toepaslike verduidelikings/voorbeelde**

Die VISPOL-polisielede van die Khayelitsha Polisiekantoor kom nie hul pligte na ingevolge **artikel 205(3) van die Grondwet, 1996,** nie omdat

- hulle misdaad moet verhoed/voorkom deur patrollies en ander sigbare polisiëringsfunksies uit te voer;✓
- hulle misdaad moet bestry deur oor stelsels te beskik om misdaad in die gebiede te verminder en nie die statistiek van die polisiëringsgebied manipuleer deur nie dossiere oop te maak nie; ✓
- hulle mense moet toelaat om misdade aan te meld sodat dit ondersoek kan word. Hulle moenie statistiek manipuleer sodat dit lyk asof misdaad nie plaasvind nie. ✓
- hulle die openbare orde deur middel van patrollering moet handhaaf en na die gemeenskap moet omsien. Hulle moenie toelaat dat misdaad handuit ruk nie, ens. ✓
- hulle die inwoners/burgers van die Republiek en hul eiendom moet beskerm en beveilig, en die reg moet handhaaf en afdwing deur lede toe te laat om misdade aan te meld, die misdade te ondersoek en die oortreders voor die gereg te bring om te verseker dat misdaad verlaag word sodat die gemeenskap vryelik en kommervry kan bestaan. ✓ (Enige 5 × 1) (5)

8.4 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Enige TWEE (2) toepaslike verduidelikings/voorbeelde**

Die VISPOL-bevelvoerder kan na afloop van ’n polisieoperasie ’n operasionele hersieningsparade hou.✓ Die bevelvoerder sal oor die operasie se suksesse praat.✓ (2)

8.5 **AANTEKENING AAN DIE NASIENER: Enige VYF (5) toepaslike verduidelikings/voorbeelde**

Die VISPOL-lede sal by intervaloefening baat vind omdat dit hul **uithouvermoë** sal verbeter om verder agter verdagtes aan te hardloop;✓ dit sal hul **vaskulêre fiksheid** verbeter sodat hulle hoër energievlakke het en dus in staat sal wees om hul take teen ’n vinniger pas uit te voer.✓ Dit sal hul **spoed** verbeter, wat hulle in staat sal stel om misdadigers oor ’n korter afstand te vang.✓ Intervaloefening is ook goed vir **gewigsverlies** en lede sal in staat wees om beter te beweeg, gesonder wees en nie gereeld siekverlof neem nie.✓ Dit sal help om **spierstyfheid ná oefening of ná afloop van lang tye se patrollering te verlig,** die lede sal ook beter voel en hul take makliker kan verrig.✓ Lede sal hul **fiksheidsvlakke kan verbeter** en sal dus beter patrolliediens te voet kan verrig om die gemeenskap te beskerm.✓ Dit sal lede se belangstelling in oefening prikkel omdat die **oefening en tempo varieer** en dit sal help om vir ’n langer tyd ’n fiksheidsprogram te volg en vol te hou.✓ (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C 30
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou